- Soos geformuleer in 2021 -

‘n Groep inwoners het besluit om ‘n vereniging te stig wat beide die maatskappy en Kleinfontein in geheel kan dien tot voordeel van alle inwoners en aandeelhouers.

Die Direksie onderneem wel om ’n beleid van groter deursigtigheid daar te stel, asook dat nouer skakeling met die aandeelhouers gemeenskap in die vooruitsig gestel word, word hoog op prys gestel. Maar kommunikasie is egter ’n twee rigting straat. Om slegs rooskleurige nuus te ontvang is nie kommunikasie nie. Ons is ’n gemeenskap wat verskeie uitdagings in die gesig staar wat die aandeelhouding en belegging van elke een van ons raak. Daarom is dit noodsaaklik om ten volle ingelig te wees.

Nuus dat die Direksie voortgaan met die oprigting van ’n son plaas is kommerwekkend in die afwesigheid van enige omgewings impakstudies, finansiering modelle of wetenskaplik bewyse oor watter voordele dit vir die gemeenskap inhou. Dit blyk dat verskeie kwessies wat deur kundiges in die gemeenskap ge-opper word, nie in ag geneem word nie. Dit is wenslik dat ’n projek van hierdie omvang deur ’n meerderheid van die gemeenskap goedgekeur behoort te word.

Verdere nuus dat alle komitees ontbind word wat deur kundige vrywilligers in die verlede met groot sukses hanteer is, nou vervang sal word met betaalde amptenare word ook bevraagteken. Dit maak tog ekonomies nie sin nie.

Die kwessies hierbo genoem het dit dringend noodsaaklik gemaak vir die stigting van ’n Aandeelhouers Vereniging om ons in staat te stel om die Direksie verantwoordbaar te hou deur die Gemeenskap Raad as medium te gebruik. Dit is nodig dat inwoners uit een mond praat en ten volle ingelig is.

Vrae rondom formalisering, keuring, veiligheid, kragvoorsiening, watervoorsiening, ontwikkeling, verhurings van KA eiendom en aandeleverhandelings is nie op die afgelope jaarvergadering toegelaat nie. Hierdie voorgenome Aandeelhouers Vereniging beoog om hierdie kwessies deur hierdie forum aan te spreek.

Die Gemeenskapsraad soos vervat in die akte van oprigting Par 41 is die amptelike kanaal om groter deelname en betrokkenheid van Kleinfontein se gemeenskap by die bedryf van Kleinfontein sake te kry. Ongelukkig het die Gemeenskapsraad nie na wense funksioneer die afgelope jare nie.

Die Akte van Oprigting, die Maatskappywet, Wet 71 van 2008, die Wet op die beheer van Aandele blokke, Wet 59 van 1980 en die reg op inligting soos in die Grondwet vervat sal die basis vorm waarop die voorgenome Aandelehouers Vereeniging groter deursigtigheid en verantwoording sal beding.

Mandate Ontvang